IMPALA

VOL 31 TWEEDE TERMYN 2006

Bosveld Jagters- en Wildbewaringvereniging Tydskrif
Bushveld Hunters and Game Conservation Association Magazine

INHOUD/INDEX

Foto deur: André vd Merwe Hierdie Buffelkoei is Julie 2006 in die Krugerwildtuin afgeneem. Haar horingwydte moet baie naby aan 50" wees.

Opgestel deur: André van der Merwe

INHOUD

Nuus vanaf die Redaksie	3
Voorstelle vanaf CHASA	3
Huldeblyk	5
Amendments of FCA	5
Elzette se eerste bok	7
Ope brief	8
Intertak fotos	10
Groeperingskiet fotos	11
Foto galery	12
Elandjag	14
Groeperingskiet uitslae	15
Borge	16
Ja Pa, kyk daar val hy nou	17
Bajonet effek	18
Die merino koedoe	19

KONTAK PERSONE EN NOMMERS

UITVOERENDE BESTUUR

President	**Fred Mulders**	**082 851 4618**
Voorsitter	**André vd Merwe**	**082 460 1220**
Onder-Voorsitter	**Hein Höll**	**083 271 3280**
Penningmeester	**Frederik Eloff**	**082 895 8217**
Hoof Opleiding	**Louis Naude**	**083 775 5476**
Sekretaris	**Vakant**	

VISI-PRESIDENTE

Ford Winnerts	**082 443 5076**
Gerhardt Bakker	**082 441 9888**
Abel Botha	**082 773 1488**
Tewie Wessels	**084 617 7254**

TAKKE

Kremetart tak

Voorsitter	**Johan Kapp**	**082 492 6200**
Onder-Voorsitter		

Letaba tak

Voorsitter	**André le Grange**	**082 322 5388**
Onder-Voorsitter	**Aubrey Potgieter**	**083 629 1931**

Magaliesberg tak

Voorsitter	**Derick Koekemoer**	**082 490**
Onder-Voorsitter	**Paul Grobler**	**082 412 3497**

Pietersburg tak

Voorsitter	**Nico Weppener**	**083 407 4512**
Onder-Voorsitter	**Ockert Fourie**	**082 780 0424**

Potgietersrus tak

Voorsitter	**Piet Venter**	**082 924 5156**
Onder-Voorsitter	**George Hobbs**	**082 460 6813**

Soutpansberg tak

Voorsitter	**Frans Heinlein**	**082 876 0614**
Onder-Voorsitter	**Nardus Stegmann**	**082 892 8604**

Waterberg tak

Voorsitter	**Gerhard Bakker**	**082 441 9888**
Onder-Voorsitter	**Josua Haarhoff**	**072 673 8174**

Kantoorure

Maandae tot Donderdae	**8:00 - 16:00**
Vrydae	**8:00 - 13:00**

Posadres	Posbus 1771, Polokwane
E-pos	mwbosjv@mweb.co.za
E-pos André vir artikels	andre@conic.co.za
Tel 015 - 291 5923	

Faks 015 - 291 1557 (Nuut)

Sekretaris Marius Huisman

KOPIEREG
Alle regte voorbehou. Geen gedeelte van hierdie publikasie mag gereproduseer of oorgedra word in enige vorm of op enige wyse hoegenaamd nie, hetsy elektronies of meganies, insluitende die fotokopieër of opname daarvan hetsy deur middel van enige ander inligtings-, bergings-, of verhalingssisteem, sonder vooraf skriftelike toestemming van die uitgewer nie. Daar bestaan outeursreg in hierdie werk. Enige ongemagtigde reproduksie van hierdie werk is handelinge wat outeursreg skend. Die dader sal weens sivielregtelike outeursregskending aanspreeklik gehou kan word. Dit kan die dader onder sekere omstandighede aan strafbare vervolging blootstel.

Die inhoud van artiekels in die tydskrif weerspieël nie noodwendig die mening van die Bosveld Jagters- en Wildbewaringsvereniging nie.

Nuus vanaf die redaksie

Die jagseisoen is amper amptelik verby en die jaar halfpad. Hierdie is die eerste uitgawe vir die jaar en ek moet verskoning maak daarvoor. Ek het net doodeenvoudig nie tyd gekry vir die opstel van die Impala nie. Ek het darm ook lank gewag vir genoeg artikels en fotos. Ons is tans besig met die opstel van ‘n webblad, wat admin veranderings en deurgee van inligting baie gaan verbeter en bespoedig. Die Impala sal dan ook beskikbaar wees op die webblad. Ons poog om ‘n sisteem te kry waar ‘n redakteur teen vergoeding vir ons op ‘n gereëlde basis die Impala sal opstel.

Daar het baie verwikkelinge plaasgevind rondom die wetgewing en regulasies. Dit word vir julle inligting in hierdie opgawe deurgegee.

Admin: Kyk uit vir die webblad vanaf September 2006 by www.bushveldhunters.co.za. Indien jou adress en/of tel of enige data verkeerd is, is daar ‘n opsie om die tak in kennis te stel.

Dinee: Daar is verlede jaar besluit dat ons weer soos in die verlede ‘n formele dinee gaan hou. Die manne se argument was dat die jagters die hele jaar sonder die vrouens jag en met hierdie uithang geleentheid kom sê die manne vir ma baie dankie vir haar geduld.

Gong skietkompetiesie: Daar word jaarliks deur CHASA ‘n intervereniging skietkompetisie gehou. Dit behels gewoonlik 6 skietoefeninge van 5 skote elk waar gonge en papierteikens oor afstande van 60m tot 340m geskiet word uit gesimmuleerde jagsituasies. Daar is tydbeperkings ook tersprake. Die BJV hou twee sulke kompetisies jaarliks waarna ons 3 spanne kies om ons by die intervereniging kompetisie te verteenwoordig. Dit is groot pret en het reeds baie lede baie entosiasties gemaak. Jy kan jou kanse verbeter om span te kry deur van die SA jageweer skietvereniging se kopetisie by te woon. Die tellings daar sal vir jou tel vir die gemiddelde beste twee skietoefeninge. Kom vind meer uit en neem deel aan ‘n baie lekker en opwindende kompetisie. Dit sal jou ook baie meer van jou geweer se trajekte en windeffek op projektiele leer.

Groete
André van der Merwe

Voorstelle vanaf CHASA vir standaarde en norme.

Inputs to the proposed Norms & Standards

CHASA, the Confederation of Hunting Associations of South Africa, represents 19 of the 21 hunters associations in South Africa and has 14’900 members.

CHASA endorses the purpose of the national norms and standards as stated by the Minister and applauds the minister for initiating steps to establish these, firstly because we believe our current legislation to be extremely fragmented and in need of a uniform framework, and secondly because we are convinced of the strategic need for ensuring hunting that is ethical, in accordance with fair chase principles and presented in such a way that it continues to enjoy the support of the broad South African public. We understand the need for Government to harmonise our conservation management principles with international and regional protocols and agreements. We support this, but have to, however, caution against the danger of appeasement of the international animal rights lobby. Despite access to vast amounts of financial resources, they do not enjoy any significant public support and their demands are ideological and impractical in nature, do not conform to Afrikan (sic) ethos, and contain threats to scientific biodiversity management.

CHASA acknowledges the process of consultation and constructive engagement with industry that has been agreed upon on the Wildlife Industry Forum. We view the published draft documents to represent the Department’s inputs to this process and present this input as similar from the industry side. In our opinion the draft documents consist of regulations and rules, and not norms and standards, and the values and principles on which they are based is unclear. **We therefore propose that public service and industry first agree upon values and principles, after which norms and standards can be drafted.** Such a process have proved very effective with the Department‘s drafting of the norms and standards for the management of elephant populations.

We further appeal to the Minister to let industry assist Government in the successful implementation of these Norms and Standards and the provincial legislation that will follow them, ensuring the support of the vast majority of the citizens who are mostly impacted by it.

Introduction

The World Conservation Strategy (WCS)’s principles of living resource conservation is the only blueprint in existence that ensures the survival of all living things on planet Earth. South Africa’s National Conservation Strategy, together with those of the vast majority of other nations, was modelled on these principles, being:
- To maintain essential ecological processes and life support systems on which human survival and development depend.
- To preserve genetic diversity.
- To ensure the sustainable utilisation of species and ecosystems.

Hunting forms a major part of the latter principle and must therefore be managed and promoted by the custodians of conservation.

Because of a growing human population, habitat for wild animals is under threat. Land in private possession get awarded as habitat to wild animals primarily on economical basis. In order therefore to ensure habitat for wild animals, these animals must be awarded superior economic value. This is not only a factor brought about by supply and demand, but very much also a result of the regulatory environment imposed by the authorities.

The regulation of the management and hunting of these animals can however, not be left to economies alone. There is a serious need for the short term economic forces to be balanced by long term sustainability. The future of hunting, and therefore the third WCS principle, depends upon the continued support of the majority of the broad public. This can only be achieved by ensuring hunting and management conduct that is ethical and widely acceptable.

Values

1. Wild animals must be managed on population level and not species level.
Every population of a species suffer from, or enjoy, a variety of environmental "pressures" that render some populations safe and others unsafe. Safe populations of any species should be managed according to conservation management principles - which includes population reduction - and unsafe populations should be managed according to the principles of preservation management.

2. Communities and landowners that award habitat to wild animals must be rewarded.
In the case of private landowners, the awarding of habitat must be economically rewarding and their conservation efforts must be steered by using incentives, rather than regulations.
Communities who award habitat to wild animals on their doorstep, must be similarly rewarded and incentivised to combat poaching. This should be done through the generation of funds from hunting.

Continue to page 4

3. A Broad public awareness and understanding of the essential role of hunting in biodiversity protection must be cultivated.

The future of the successful protection of biodiversity is dependant upon the sustainable utilisation thereof and the continuance of controlled hunting. The future of hunting (and therefore successful biodiversity protection) can only be secured in a socio-political environment where a positive image of hunting and the hunter exist. Both industry and public service has a responsibility to cultivate a broad public awareness of the need for hunting and to foster a positive image of hunting and ethical hunters.

4. Immaculate ethical hunting conduct and practices must be enforced.

Ethical conduct cannot be enforced by legislation. This can only be done through training and peer pressure within the industry. Membership of hunting associations must thus be encouraged and associations empowered to train, issue licences and self-regulate.

5. Adequate stakeholder engagement must be ensured.

One national and nine provincial consultative forums must be institutionalised, comprising of the relevant conservation authority and NGO, community, hunting and game ranching organisations that endorse the World Conservation Strategy's principles.

Definitions

1. Define "ethical hunting" as hunting conduct that
- obeys legislation,
- complies with the principles of fair chase,
- causes minimal suffering for the hunted animal, and
- conforms to broadly accepted norms of respect for nature and fellow man.

2. Define "fair chase" as pursuit of a free ranging animal or enclosed ranging animal possessed of the natural behavioural inclination to escape from the hunter and be fully free to do so. The hunted animal should exist as a naturally interacting individual of a wild sustainable population, located in an area that meets both the spatial and temporal requirements of the population of which that individual is a member.

3. Define "hunt" as to lie in wait or pursue an animal and intentionally take its life in an ethical way.

4. Define "hound" as to pursue, lie in wait, lure, capture, trap or kill an animal by means, method or device that does not conform to the definition of ethical hunting.

5. Define "recreational hunters" as persons who hunts for either meat (biltong) or a trophy.

6. Define "professional hunters" as persons who guide hunting clients and who are recognised as such in terms of legislation.

Principles

1. In official communication w.r.t. these norms and standards, give credit to the role of game farmers in awarding habitat to wild animals, credit to the role of hunting in giving economic value to game, and credit to the vast majority of hunters who commit themselves to immaculate ethical conduct. Differentiate between the words hunt, hunting and hunter representing the ethical version on the one hand, and hound, hounding and hounder on the other, representing the version that fail to conform to the defined principles of ethical conduct.

2. Differentiate recreational hunters into 'occasional hunters' and 'dedicated hunters', in a similar way as is done by the Firearms Control Act, i.e.
- have national associations, national bodies, and / or the member associations of national bodies accredit with DEAT and
- allow accredited associations to award 'dedicated hunter' status for hunting purposes to active and trained members.

3. Approve a national master hunter training course, bow hunting course, handgun hunting course and muzzle loader hunting course and allow accredited associations to award master hunter, bow hunter, handgun hunter and muzzle loader hunter status to dedicated members.

4. Differentiate management areas into:
- protected areas,
- private land with certificates of adequate enclosure, granted such per species, and
- open private land.
Entrust the sole management thereof and all off-take decisions to:
- in the case of protected areas, the relevant management authority,
- in the case of private land with certificates of adequate enclosure, the land owner, and
- in the case of open private land, the provincial conservation authority.

5. Differentiate animal species into:
- nationally listed animals, comprising of animals whose populations are unsafe throughout the country or animals in need of special national protection,
- provincially listed animals, comprising of animals that are in need of local protection, and
- unlisted animals, comprising animals that are locally abundant.

6. Direct that:
- unlisted animals be hunted by all hunters,
- listed animals be hunted only by dedicated hunters or hunters guided by professional hunters, and
- animals in protected areas be hunted only by master hunters or professional hunters.

7. Direct that hunting by bow, handgun or muzzle loader be allowed only by dedicated hunters who have been awarded bow hunter, handgun hunter or muzzle loader hunter status respectively.

8. Institute a national yearly hunting licence, sold and administered by accredited hunting associations, for all hunting. This licence has to indicate whether the hunter is an 'occasional hunter' or 'dedicated hunter', and in case of the latter whether the hunter is qualified to hunt by bow, handgun or muzzle loader. Direct that the issuing association be responsible for the submitting of returns to SANBI and empower the association to enforce input by the hunter for this purpose.

9. Establish a national trust fund with the national Wildlife Industry Forum as trustee, funded by the income of national hunting licences and a levy on the fees of hunting in protected areas, with beneficiaries:
- communities that award habitat to wild animals,
- BEE, bursaries and training in the wildlife industry,
- special conservation projects and
- projects aimed at cultivating a public understanding and support for the need for animal population control and ethical hunting.

HULDEBLYK - PIET SMIT 25Maart 1939 tot 23 Maart 2005

Lank gelede opsoek na Gemsbokke, sê hulle, het hulle laat middag 'n ou swerwer tussen die groot, rooi duine onder 'n Kameeldoringboom aangetref.

"Wie is jy?" vra hulle.
"Ek is Langman Kruiper, Meneer" antwoord hy beleefd.

"Waar kom jy vandaan?"

"Meneer, ek het vroeg begin en ek het saam met die son gekom tot hier. Ek kom daar van waar die wind begin," sê hy.

"Waarheen is jy oppad?"

"Meneer, as ek my kop oplig, dan val my kyk daar waar die verte klein word. Vandag het ek saam met die son gekom maar hy is by my verby en ek en hy soek nou lêplek. Môre se dag het weer 'n ander plan, en dan gaan ek soëntoe, soos daai plan vir my gemaak is.

"Maar hoekom voer jy so 'n alleen bestaan?"

"Nee Meneer, ek is nie alleen nie. Kyk hoe wemel die dag dan hier tussen die duine en as alles vroegaand tot ruste begin kom, dan fluister die nag vir my al die mooi dinge.
Die Here slaap nooit.

"Hoe lank gaan jy nog so swerf?"

"Meneer, my son sal self besluit wanneer hy vir die laaste keer wil gaan lê, en ek wil ook nie onder hom uitloop nie."

In vele opsigte het Piet en Langman Kruiper baie in gemeen gehad, want Piet was nie alleen 'n jagter of hengelaar nie, hy was 'n reisiger en avonturier. Hy het, egter, nie net die verre horison verken nie, hy het ook alles na aan hom raakgesien, en elke dag, met sy doen en late, was vir hom 'n ervaring. Ons wat hom goed geken het, het geweet wanneer sy kyk daar is waar die verte klein word, dan beplan Piet 'n trip, en gewoonlik ry hy saam met die suide wind of noorde wind in.

Maar Piet was nie net 'n swerwer wat diep spore getrap het nie, sy wortels lê diep in sy onmiddelike gemeenskap. Hy het onbaatsugtig op vele kommittees gedien en was hy altyd bereid om sy verreikende kennis te deel met ieder en ander. Geen taak was vir hom te groot nie en sy vele prestasies in sowel die jagveld as die hengel waters was genoegsame bewys van sy onwrikbare ywer en deursettingsvermoë. Dit was voorwaar 'n voorreg vir my om hom te ken en om, oor jare, deel te wees van sy vele ervarings. Dit is jammer dat Piet nie sy memoirs laat opteken het nie want dit sou ongetwyfeld goeie leesstof uitgemaak het. My eie herinneringe van ons tye saam is vir my net aangenaam, al was dit soms vermoeiend. Teëspoed het gesorg vir nuwe uitdagings en saam met die avontuur was daar altyd baie humor. Oor die afgelope vyf en twintig jaar het ek en hy baie saam beleef en het om kampvure, of oor die glasie, dit weer laat herleef. Piet se son het op 23 Maart 2005 finaal ondergegaan en, "he has passed on to the happy hunting grounds", maar sy spore sal nie maklik toewaai nie. Daar waar jagters bymekaar kom sal hulle goeie dinge oor hom sê en sal daar met agting na hom verwys word. Die standaard wat hy gestel het mag nooit verflou nie.

Hier is een op jou, ou Piet, en dankie vir die wonderlike tye en die vele aangename herinneringe.

Jou vriend
Gerhard Swan

DETAILED INPUT BY CHASA REGARDING THE AMMENDMENTS TO THE FCA.

We understand that Government has to harmonise our laws with international and regional agreements such as the UN and SADC protocols on light weapons and small arms. We agree with both the aims and content of the said protocols, and believe them to represent a solution that recognises Afrika's particular needs.

We are however of the opinion that the international gun control lobby deliberately misinterpret these protocols in an attempt to have us go beyond the agreed objectives. We believe that they, either directly or indirectly through South African front organisations, are making demands that are ideological and impractical in nature, and that do not conform with Afrikan ethos. We in fact believe this undue influence, particularly prior to 2000, to be the core reason for the impractical, costly and resource intensive administrative requirements of the current Firearms Control Act.

It is commonly understood that the FCA of 2000 was based largely after review of arms control legislation in other countries. Canada in particular is often quoted as the country on whose gun control legislation that of our country is based. To quote from a recent press release from the Canadian government: "'The effort of trying to track down every single long-gun (rifles and shotguns) in Canada has been ineffective, costly and wasteful and has not led to a reduction in crime with guns,' said Public Safety Minister Stockwell Day. 'Duck-hunters, farmers and law-abiding gun owners do not pose a threat to Canadians, criminals do,' Day said." It is important that we take note of what has happened in other countries and learn from experiences already had elsewhere where situations and circumstances have been similar. To ignore international experience would be foolhardy.

It has long been the view of those involved in the firearm industry in South Africa, that the FCA places a tremendous burden on administrators, the SAPS and legislators, the outcomes of which are drawn out, and the effectiveness of which is poor. It has become clear that in the first phase of the implementation of the FCA, the structures have not been able to meet the demand placed on them by firearm license applications received, and renewals thereof. This we are led to believe is by about 25-28% of those firearm owners that should have applied for renewals in this period.

We, as the citizens to whom this Act applies, appeal to you and the Minister to view us as partners in drafting practical, workable and fair legislation that complies with the required protocols. We would further like to assist Government in the successful implementation of this Act, ensuring that it enjoys the support of the vast majority of law abiding South Africans.

1. Act and Administrative Process: We agree with the Minister that the current Act is in need of simplification and that the severe administrative burden that it places on the Police be relieved. We applaud the Minister for initiating steps to improve the Act.

Continue to page 6

2. *Certifying of owner and not firearm:* We agree with the focus of the licensing being moved from 'the need for the firearm' to 'the competency of the person'. This is the idea that needs clear outlines and much more emphasis in the FCA. It is the person handling a firearm that is potentially dangerous and not the firearm itself. Ideally, a person, once certified competent, should be able to purchase a firearm with much less time wastage and manpower resources going into the application for a license as what is currently the case. Once that license is approved, only the competency of the owner should be assessed every 5 or 10 years.

3. *Audit of existing firearms and ownership to stay with current legal owner:* We strongly recommend that the firearms currently in legal possession of firearm owners under the old Act be checked and audited, and that all firearms currently in possession of legal owners be permitted to stay as so. This would ensure that no existing ownership rights are infringed upon. The SAPS initially had this in their proposed changes as given through to **CHASA.** The cost of compensation for future would be far more than for compensation of those firearms already relinquished to the SAPS over the past year or so. In the FCA amendments as put out for analysis by your committee, this has been removed. It is regrettable that this has been done, as this would have eased the immense burden placed on the administrators of the act, and would not have infringed on existing ownership of legal firearms.
We strongly recommend that an audit process be instituted for existing firearms. We agreed also with the renewal of competency certificates (see above) that would have obviated the need to renew individual firearm licences, but this has been removed from the amendments as they currently stand. We recommend that this be re-included into the amendments. We propose that continued Dedicated Hunter or Dedicated Sportsperson Status be accepted as proof of qualification for continued proficiency.

4. *Definition of Muzzle Loaders:* We agree with the aim of preventing muzzle loaders falling into the hands of people who could be incompetent to own a firearm. The definition of a muzzle loader in the FCA should keep to the internationally accepted definition, which includes replicas, permits conical bullets (very important for hunting), and includes cap and ball revolvers. It would be better to ensure the achievement of the mentioned objective by determining:
- That only firearm dealers be allowed to sell muzzle loaders,
- That only holders of competency certificates be allowed to possess them.

5. The problem experienced and envisaged by the term brokering has been solved by removal of this from the amendments and we thank the legislators for that.

6. *Silencers:* We believe that the proposed regulation of silencers needs a serious re-evaluation of the need for such a restriction. **CHASA** will certainly not object to a measure supported by fact and stats that would substantially restrict criminal ability and at the same time not unduly restrict legitimate activities, but this is not one of those measures. **CHASA** strongly believes that the regulation and "authorisation" of a device attached to the barrel of a firearm in order to muffle the report will add an ever-increasing burden on the already stretched capacity of the administrators of the act, the benefit of which, in **CHASA's** opinion, will not be sufficient.

Hunters currently use an estimated 130'000 silencers on rifles for the following reasons:
- As it is impractical to hunt with earmuffs, rifles are often equipped with silencers as protection against permanent hearing loss.
- Silencers are widely utilised in hunting applications where animals are not to be disturbed. They are absolutely essential for harvesting of excess stock to control game populations on managed wildlife areas. Furthermore, landowners who also run eco-tourist businesses are increasingly demanding the use thereof.
- Silencers provide sound, muzzle blast and recoil moderation and are essential in the training of children, women and small-framed men.
- The use of silencers is advisable (and in some cases mandatory) where pregnant women need to engage in shooting and training activities.
- Silencers render the shottist more accurate, improving the ability to accurately place a shot, an element deemed essential for ethical hunting.
- Lower recoil (and report) allows for the use of a larger calibre than what the hunter would normally have been comfortable with, improving killing power and thus aiding in the delivery of an ethical one shot kill.

Our evaluation of the possible objectives of the regulation of silencers, is as follows:
- Objective: *To prevent criminals from access to silencers through proliferation from legal gun-owners*. Silencers are very simple objects that can be easily manufactured at home. A plastic cooldrink bottle, in fact, makes for an extremely effective short-range silencer. So criminal access to and use of silencers cannot really be restricted. This objective, therefore, is obsolete.
- Objective: *To prosecute criminals who make use of silencers*.
The criminal use of a silencer can only be in conjunction with an illegal firearm, or the illegal use of a legal firearm. As the criminal can, and should be prosecuted for these, together with the crime involved, there is no tangible benefit for such an objective.
- Objective: *To appease the anti-gun lobby*. Regulation of silencers would hamper law-abiding citizens severely and come at a huge cost to the administrative resources of the SAPS. **CHASA** rejects steps aimed at appeasement that have no beneficial and real value in achievement of the objectives, which have been intimated as the reasoning behind the regulation of silencers.

7. *Collectors and collectable firearms:* We believe that the proposed amendments need serious improvement with regards to the over-regulation of collectors. We understand the need to have otherwise prohibited firearms (category A) stored in an inoperable state. All other proposed restrictions on collectors however, which do not apply to hunters or any other category of owners, are considered to be discriminatory and **CHASA** opposes these. Furthermore, the fact that collectables have to be certified by the South African Heritage Resources Authority should not be included. There are many collectable firearms in the eyes of a serious collector that would have no reason for such certification by this body. For example, if a collector collected firearms manufactured by the Ruger Arms Company, and a new model was released, he / she would be perfectly entitled to add such a firearm to his / her collection. This firearm would however, not be of any significance to the South African Heritage Resources Authority.

continue to page 7

8. Training: We further request that the following improvements relating to training be included in the amendment of either the Act or the Regulations:
- That the certificates of training providers (who are accredited by both Sasseta and SAPS) be accepted for licensing purposes, and that the need for duplicated Sasseta certificates be removed, as this requirement adds no value other than to severely delay the licensing process.
- That, in establishing what constitutes an accepted training course for Dedicated Hunting and Dedicated Sport shooting purposes, all reference to SAQA be removed and replaced by the requirement for accredited associations to approve such training.

9. Self defence: A further concern is around the use of the word "*self defence"*. I quote from Burchell J and Milton J, Principles of Criminal Law, Juta, 1991 (109): "Private defence is often referred to as self defence, a term that implies that what is in issue is only the defence of the physical self, the person. Since in fact the defence is available for the protection of other persons and other interests such as property, chastity, liberty, it is misleading. Some authorities prefer the description *"necessary defence"* as indicating the general nature of the defence. " **CHASA** recommends that the term "necessary defence" be used instead of "self defence." Restrictions further in the act "use of a firearm where it is safe to use the firearm, and for a lawful purpose" contradict the use of a firearm for necessary defence, as in this instance, it is often in areas and situations where it is not safe to use a firearm.

10. Principles: These inputs are based upon the following principles which **CHASA,** along with the entire spectrum of firearm user organisations, subscribe to:
- That there be no infringement of existing rights granted to firearm owners, that the Act be applied consistently, and that the administration thereof be transparent.
- That the motives and rationale behind the proposed changes be communicated to stakeholders, as without these it is difficult to properly comment, and that the forthcoming changes to the Regulations be made available simultaneously, as the Act cannot be viewed in isolation from the Regulations.
- That sufficient consultation with industry representatives will take place.
- That the current re-licensing process be extended until such time as the amendments are finalised.
- And that the amendments to the Act and Regulations be supported by a Service Charter, setting minimum standards for service delivery as is done by all other service oriented organs of State.

In closing, I request that **CHASA** be allocated time to address your committee at the correct opportunity. Kindly revert back to me with information regarding meeting times and allocation of time for **CHASA's** input.

Elzette se eerste Bok: Wallie van Dyk

Die begin van die jaar dit is nou 2005 het ek aan my 6 jarige blondekop dogtertjie 'n belofte gemaak. "Hierdie jaar gaan jy jou eerste bok skiet." Die jaar het begin einde se kant toe staan en ek het besef ek sal nou moet begin "produce". Ek wil net 'n bietjie agtergrond oor Elzette se kennis en belangstelling oor jag gee. Elzette en ek het vroeër die jaar in die Alldays omgewing op 'n oopplaas gaan jag. Dit was vir haar 'n ware bos ervaring. Daar was niks waar ons gekamp het nie, nie eers water nie. Ons moes alles saamneem. Ook op 'n vorige jag uitstappie was sy saam na die **"Kalari"** soos sy dit uitgespreek het as 'n 4 jarige dogtertjie daai tyd. Ons het saam op die rooi duine springbokke voorgesit, en gelukkig verstaan hulle nie babataal nie. Sy gaan gereeld saam skietbaan toe en die manne by die windbuksbaan het hulle hande vol gehad om ook vir ander kinders kans te gee om te skiet. Ek onthou by geleentheid waar sy 'n skootplassings lesing by 'n junior 1 kamp aandagtig gesit en luister het na my aanbieding. Die hartskoot het by haar vasgesteek. Nou ja, kom ek vertel julle:

Eers moet ek by 'n geskikte plaas toestemming kry om 'n rooibok te skiet. Ek het besluit al is dit nie baie eties nie wil ek hê my kind se eerste bok moet vir haar so maklik as moontlik wees. Dit gebeur baie dat potensieële jagters na eerste jagtog nooit weer wil skiet of jag nie, weens kwesskote, misskote en ander omstandighede wat daartoe gelei het.

Die plaas Kondowe van Daan Roux een van ons lede is seersekerlik die beste plaas vir junior opleiding. Ons bied ons junior 2 kursusse al vir die afgelope 6 jaar daar aan. Die plaas is 4500 hektaar in grootte en volop wild met baie Rooibokke. Ons spog met 'n amper 100% suksesvolle rooibok jagte vir ons junior 2 kursusse. Ek het toestemming gekry om by 'n watergat die bokke voor te sit. Ek het vir Daan gesê, "Elzette moet eers 'n skiettoets slaag voor ons sal kom."

Maandag middag is ons skietbaan toe. Ek het skiettafel met sandsakkies opgestel en die teiken op ongeveer 40 meter geplaas. Sy het begin met my .22 en na elke 5 skote het ons gaan kyk en toegeplak. Sy het na 40 skote net een skoot buite die 9 duim sirkel geskiet. Toe trek ek my 222 nader en sit 'n CHASA Rooibokteiken op. Ek wys vir haar waar die sirkel is op die vitals. Ek sê vir haar nou gaan jy 2 oefeninge van 3 skote skiet, as jy almal binne die sirkel skiet is jy reg vir jou eerste jagtog. Elzette skiet toe waarlik al 6 skote binne die sirkel, was ek nie trots op haar nie. Ons gaan kyk of ons 'n mooi ram kan skiet, dan sal ek vir jou 'n trofee laat maak van jou bok belowe ek haar.

Die volgende middag gaan haal ek haar by die kleuterskool en wil sommer ook reël dat sy Woensdag afwesig sal wees. Nog voor ek vir haar klasonderwyserres kan vra, toe word daar sommer vir my gesê, "Ek hoor julle gaan more jag". Elzette het sommer self haar jag reëlings getref, 'n jagter reël mos sy eie jagtogte.

Ek reël met Daan dat ons om 7h30 by sy plaashek sal wees. Elzette was so opgewonde dat sy 4uur die oggend die hele huis wakker gehad het. Ons vertrek na Daan se plaas en was heeltemal te vroeg en moes 'n hele uur wag totdat Daan opgedaag het om oop te sluit.

Ek het Daan se opvoubare skuiling opgelaai en ons was oppad na die krokdam waar ons die rooibokke wil voor sit. Oppad dam toe ry ons by 2 troppe rooibokke verby, hulle is oppad na die dam se rigting toe. Ons het die skuiling opgeslaan en binne 5 minute was ons gereed vir aksie.

vervolg na bladsy 8

Nog voordat ek die video kamera kon uithaal, sien ek die eerste rooibokke beweeg na die dam se omgewing. Ek sê vir Elzette hulle is op dam toe, kry jou reg. Vir ou laas gee ek weer raad en haar ogies blink sommer van opgewondenheid. Ons moet nou stil sit en geduldig wag vir die regte bok en skoot, sê ek vir haar.

Ek sien 'n paar ramme tussen die ooie en daar is een mooi ram wat ek vir Elzette uitwys. Die bokke is sommer vinnig by die water, so ongeveer 45 meter van ons af. Soos ons dit nie wil hê nie gaan staan die ram agter die enigste boom om die watergat en drink. Daar is geen skoot nie, 'n knypkop staan plankdwars voor ons en drink. Elzette sê pappa ek sien sy hart mooi in die teleskoop, nee ons wag vir die groot ram sê ek vir haar. Die rooibokke drink klaar en beweeg weg sonder dat die ram ons 'n kans gee.

Dit was 10 minute voordat die volgende rooibokke hulle verskeining maak. Voor loop 2 mooi ramme. Die agterste een is 'n mooie sê ek vir Elzette. Die 222 word sommer gou gou in die skouer geplaas. Ek sien sy blad mooi pappa. Die skoot klap, die raam gee een sprong en stap 5 tree voordat hy kop onderste bo gaan staan. Ek sien die perfekte skoot op sy blad voordat hy omval... Ek gooi my hand uit vir 'n "hi five"," pappa het ek hom?" vra Elzette. Daar lê jou Rooibok ram my kind, dit is pragtig sê ek vir haar. Vir my was dit 'n groot oomblik van blydskap wat ek nie oordra hoe ek as pa op daardie stadium gevoel het nie. Nie eers my buffeljagte se gevoel was groter as daardie oomblik nie. Elzette se vreugde en opgewondenheid was groot, baie groot. Terwyl ons nog in die skuiling sit, het ek en sy vir net 'n oomblik stil geraak en die Hemelse Vader bedank.

Ek het vir Elzette die geleentheid gegee om alleen na haar rooibok ram toe te stap daar waar hy lê. Met die 222 oor haar skouer het sy trots die ram se kop opgetel. Haar trotse glimlag en blink ogies was 'n ervaring wat vir altyd my sal bybly. Dit was vir my 'n vooreg om op my eie kind se gesiggie die bloed van haar eerste bok te kan smeer.

Ek het nou my belofte nagekom. Dit is die begin van nog baie meer, en volgende jaar gaan ek en Elzette 'n rooibok op die voet jag. Mooi my kind en ook dankie aan Daan Roux

Ope Brief

Abel Botha

Op die afgelope Algemene Jaarvergadering en Trofeekompetisie op Pietersburg, het ek tot my ontnugtering en hartseer agtergekom dat iets wat Letaba tak alreeds vir 10 jaar met groot moeite en opoffering as 'n lojaliteitsdaad gedoen het, skynbaar as heeltemal die teenoorgestelde deur sommige ander lede ervaar word. Daarom wil ek graag hierdie brief skryf om dinge in perspektief te stel. Ek skryf hierdie brief in my persoonlike hoedanigheid en nie namens Letaba tak nie, behalwe waar ek as Letaba tak-lid praat.

Laat my asseblief toe om u 'n paar jaar in die geskiedenis terug te neem. Na ons eerste trofeemetingskompetisie van Letaba tak in 1995, het ons by 'n Sentrale bestuursvergadering 'n negatiewe reaksie by die bestuur ervaar oor hierdie kompetisie. Daar is vrese gelug dat tak-trofeekompetisies uiteindelik die Sentrale trofeekompetisie gaan doodmaak. Ons betuurslede van Letaba tak het daar 'n onderneming gegee wat later deur die Letaba tak bestuur aanvaar is dat ons nie net gaan sorg dat die Sentraal trofeekompetisie NIE sal doodloop nie, maar ook ons bes gaan probeer vanuit ons tak dat die Sentraal kompetisie gaan bly groei. Ons het dus by elke geleentheid ons lede aangemoedig om hulle trofees op Pietersburg te gaan inskryf en selfs sover gegaan om te sê dat 'n lid wat aan Letaba tak se kompetisie deelneem, ook aan die Sentrale Kompetisie MOET deelneem.

Dit het aanvanklik goed gewerk, maar die lede wou later net nie meer Pietersburg toe ry nie, en ons het besluit dat as die lede dan nie self wil of kan gaan nie, ons sal sorg dat die trofees ten minste daarnatoe sal gaan. En ons het elke jaar 'n paar persone afgevaardig om dit te doen. Later jare is daar ook by Sentraal 'n takwenner trofee bygebring wat dit natuurlik makliker vir ons gemaak het om ons lede te motiveer deur te sê dat hy dit vir sy tak doen.

Diegene wat die moeite wil doen om die inskrywings vir die Sentraal kompetisie te gaan ontleed om te sien watter persentasie vanaf Letaba tak kom, sal gou agterkom dat ons werklik geslaag het in dit wat ons as doel gestel het. Miskien was ons dalk te selftevrede, daarom was dit vir my peroonlik werklik 'n ontnugtering en as ek eerlik moet wees, het dit my ook seergemaak om tydens die afgelope AJV en Trofeekompetisie te moet agterkom dat dit wat ons as goed bedoel het, vir baie lede dwars in die krop gesteek het. Dis nie lekker om te hoor dat jou tak se trofeekompetisie 'n euwel is nie wanneer jy gedink het dat jou tak een van die redes is waarom die trofeekompetisie soveel gegroei het en weer eens vanjaar soveel inskrywings getrek het nie.

(Ek weet Hein het verduidelik dat hy dit nie in hierdie sin bedoel het nie en ek aanvaar dit onvoorwaardelik). Dit was egter vir my skielik duidelik dat ander lede totaal 'n ander persepsie van ons aksies het as wat die bedoeling daarvan was. Ek het aanvanklik gedink dat hulle dink ons laai hope trofees daar af net om die takkompetisie te wen en dat dit dalk jaloesie is oor ons prestasie op hierdie kompetisie, maar ek kon en kan nog steeds nie regtig die rede mooi begryp nie. Soos ek bo verduidelik het was dit hoegenaamd nie die rede nie – die takkompetisiegedeelte van Uitvoerend se trofeekompetisie is in elk geval eers relatief onlangs ingestel.

vervolg na bladsy 9

U moet weet dat ek ‘n biltongjagter is en dat dit vir my elke jaar baie moeite en opoffering is om hierdie trofeë aan te ry en in te skryf vir ‘n kompetisie waarin ek regtig geen belangstelling het nie. My enigste plesier in hierdie kompetisie bestaan daaruit om ou vrinne wat ek min sien en ou jagters soos oom Charl Höll, vir wie ek baie agting en respek het, weer te sien en mee te kan gesels. Ek sou baie eerder graag net AJV toe wou gekom het en net ‘n draai deur die saal te gemaak het om interressante trofees te sien, as wat ek daar sou wou sit en vir drie ure lank inskryf. Ek is ongelukkig baie lojaal, en ondernemings wat ek eenmaal gegee het, doen ek gestand.

Ek was in die begindae as lid van BJV van mening dat hierdie kompetisie slegs vir die klein persentasie trofeejagters van die vereniging is – en ek het Saterdag weer die gevoel gekry dat ek in die tussenjare verkeerd was en dat dit nog steeds maar ‘n kompetisie net vir trofeejagters is.

Ek het verder ook die gevoel gekry dat van my mede jagtersvriende my kwalik neem omdat ek vir agt lede trofees ingeskryf het. As hulle beswaar daaroor gaan dat my inskrywings hulle miskien te lank opgehou het met die meting, vra ek om verskoning daarvoor. Die lede waarvoor ek ingeskryf het wou die vorms al by die huis invul om tyd op Pietersburg te spaar, maar ons kon dit nie doen nie, omdat ons voor die tyd verneem het dat elke vorm vooraf genommer word. Ek wil ook net sê dat die ander lede waarvoor ek ingeskryf het, almal baie geldige redes gehad het waarom hulle nie daar kon wees nie. My groot vriend Daan Roux se seun Gerrit is net so ‘n goeie krieketspeler as wat hy jagter is en het in ‘n baie belangrike kriekettoernooi gespeel (watter Pa sou nie sy seun ondersteun nie!), daarom het ek vir Daan en sy twee kinders en sy suster ingeskryf. Karl Osmers het ernstige droogte op sy plaas agter die berg en moes dringend Saterdag voer wegneem soontoe sodat ek vir hom en sy seun moes inskryf. Ek het ook vir André le Grange ingeskryf wat eers die oggend iets in Pietersburg moes doen maar later self daar was. Verder het ek een trofee vir my baas ingeskryf om hom te motiveer vir verdere deelname. So wat was nou, behalwe vir die tydfaktor, verkeerd van my aksie om vir al hierdie persone in te skryf?

Een ding moet ons egter net almal besef – die nie-trofeejagterslede van die takke wil nie meer in Pietersburg hulle trofeë kom inskryf nie. En wie van ons kan sê dat hulle verkeerd is? Ons moet besef dat hulle, net soos die klompie jagtersvriende wat in 1976 met hulle bymekaarkom in Pietersburg om saam te kuier en trofeë te vergelyk en stories uit te ruil, die jagters van vandag dit ook in hulle eie dorp wil doen. Soos toe, word vandag ook elke storie van ‘n trofee wat ingeskryf is oor en oor vertel aan elke nuwe jagtersvriend wat bykom – of hy nou trofeejagter is of nie. Soos toe, word elke groot trofee ook bewonder en admireer. Hoe kan ons nou sê dat die groepie wat dit in 1976 in Pietersburg gedoen het, ‘n tradisie begin het wat goed en reg is (waarmee ek volkome saamstem), maar wanneer vriende in 1985 in Tzaneen dit ook wil doen, is dit nie reg nie en hulle moet dit in Pietersburg gaan doen want daar is reeds so ‘n tradisie. Nou het Tzaneen ook al ‘n tradisie van 10 jaar lank! En wat daarvan as ons nie elke keer al die dokumentasie vra nie? Ek kan u verseker dat daar baie, baie min onwettig gejagde trofeë by Letaba ingeskryf word (omdat ons die jagters en die omstandigdhede ken en dikwels saam jag, weet ons van meeste van die trofeë en dat hulle wettig gejag is). Ons glo ook daaraan om jagters eerder te ***inspireer*** om eties te jag (deur voorbeeld en lesing) as om te ***polisieer.*** Ons het in elk geval nog nie wettig gejagde trofeë geweier net omdat daar geen (of onvolledige) papierwerk daarvoor is nie! Ons het ook nog nooit probeer om Pietersburg se kompetisie te dupliseer of te vervang nie – dis meer ‘n gesellige bymekaarkom kompetisie. Daar word ook dikwels voor ons kop gegooi dat ons trofees verkeerd meet op Letaba (veral gaan dit oor ‘n fout wat ‘n trofeemeter op Tzaneen gemaak het – ‘n trofeemeter terloops wat op Pietersburg behoorlik sy kursus deurloop en teorie en prakties geslaag het en ook al op Pietersburg gemeet het). Dit is waar dat daar ‘n fout was, ook waar dat ons die metingsproses so verander het dat dit nie weer kan gebeur nie. Laasgenoemde word skynbaar nie in ag geneem nie.

Hierdie jaar se meting, waar baie verwarring oor geheers het en waar ons “bakkievragte” trofees blykbaar ‘n probleem was, was, soos u kon onthou, ook nie op Letaba se voorstel so gedoen nie. Bines Schoeman het op die vorige AJV met hierdie voorstel vorendag gekom en dit is deur daardie vergadering eenparig aanvaar. Letaba het net presies gedoen wat Bines daardie dag voorgestel het en die AJV aanvaar het en ons het eers later verneem dat daar verwarring was met die notulering van die voorstel en dat dinge nie presies so gaan gebeur as wat ons die voorstel onthou het nie.

Daar is ook beswaar gemaak oor ‘n trofee wat onwelriekend was en die wurms uitgeval het toe dit gemeet word, maar dat Letaba die trofee aanvaar en gemeet het. Eerstens wil ek sê dat die trofeemeter op Pietersburg dan nie sy werk behoorlik gedoen het nie, want hy moes dit summier geweier het soos die reëls voorskryf! Hierdie selfde trofee was op Letaba aanvaar want dit was waarskynlik nog vars. (Hierdie lid werk in die buiteland en het ‘n dag voor die kompetsie teruggekeer en het waarskynlik nie tyd gehad om aandag aan hierdie spesifieke trofee te gee nie of selfs daaraan gedink nie) Al die ander “probleem trofeë” van Letaba tak, is almal aangesê om baie behoorlik skoongemaak te word voordat hulle na Pietersburg gebring is. Soveel so dat Marius aan my gesê het dat hy nie ‘n trofeejagter is nie, maar dat dit vir hom baie opmerklik is dat Letaba tak se trofeë soveel skoner en netjieser is as die ander!

Dit voel ook soms asof sommige lede ‘n klaarblyklike vrees het dat die takke (en meer spesifiek Letaba tak) wil wegdryf van BJV Uitvoerend af deur byvoorbeeld hulle eie trofeekompetisies te hou en hulle eie jaareindfunksie en dies meer. Ek wil u verseker dat niks verder is van die waarheid nie. Ek glo ons aksies in verband met die trofeekompetisie wat myns insiens so verkeerd deur ander lede interpreteer is, sal juis aandui watter lojaliteit daar van Letaba tak se kant af teenoor die vereniging is. (Ek kan nie namens die ander takke praat nie, maar ek wil graag glo dat hulle ook soos Letaba baie lojaal is teenoor BJV)

Ten slotte wil ek net beklemtoon dat my beswaardheid nie teen persone gaan nie, maar teen ‘n (volgens my) wanpersepsie van Letaba se opregte bedoelings, wat ek wou regstel. Ek wil ook net daarop wys dat Letaba tak se inskrywings drasties gaan verminder, en ek wil dit BAIE STERK beklemtoon dat dit nie is as gevolg van enige gevoelens nie, maar bloot as gevolg van die feit dat ons ‘n baie klein handjievol trofeejagters in ons tak het (na regte eintlik net twee ware trofeejagters en twee juniors), en dat die biltongjagters en jagters wat af- en toe ‘n trofee jag om te stop, ‘n trofeekompetisie nie so belangrik ag om daarvoor baie moeite te doen nie. En ek sal nie weer in die toekoms lede se trofeë gaan inskryf nie – ek glo ek het my beurt gehad.

Ek wil ook net sê dat ek geen probleem het met die besluite wat tydens die AJV ten opsigte van die trofeekompetisie geneem is nie – trouens, ek ondersteun elkeen van hierdie besluite heelhartig. En ek is ook nie kwaad vir enige van my medejagters nie – ons is tog almal groot vriende. Maar ek sal in die toekoms my hou by dit wat ek in werklikheid is : ‘n biltongjagter, en ek sal die trofeekompetisie oorlaat aan die trofeejagters!

Intertak ghongskiet September 2005
te Potgietersrus

'n Landrover is ook net goed vir koelte

Mans 1ste Danny Muller
2 de Daan Louw

Magalies - Wenspan

Dames 1ste en 2de

Letaba Groepering skietdag

Foto Galery

Diekie en Morné met takbokke

Diekie en Dawie met ‘n willie

Diekie met ‘n vark, of is dit nou ‘n vark met Diekie

Diekie met ‘n damhert

Diekie met ‘n swartwillie

Diekie met ‘n Springbok

JE Pieterse met ‘n duiker

Frikkie met ‘n Rooibok

Okkert met ‘n Koedoe en rooibok

Kobus met ‘n Swartwillie

Kobus met ‘n Rooibok

Kobus met ‘n Rooiribbok

Louis en Marita met Waterbok

Morné met ‘n Swartwillie

Henk met ‘n Blesbok

Stephan met ‘n Blesbok

Karen met ‘n Blesbok

André met ‘n Swartwillie

Doodeet oppad Kalahari toe

Nog groeperingskiet fotos

ELAND JAG APRIL 2005 MA Rademeyer

In April het ons vriende saam gaan jag en die tradisie van 15 jaar vol gehou. By oom Hannes jag jy, jy werk vir jou bok. Maar as ek moet sê was die geluk al 'n paar jaar mooi aan my kant gewees en het ek Maandag oggend al my bok plat en dan kan ek rustig verder soek vir dit wat mooi is en die natuur te geniet. Ek het Maandag oggend in 'n heerlike klam oggend gaan stap. Spore was vars en ook die natuur ruik skoon en vars. Met gemengde gevoel oor wat gejag moet word vir die winter soek ek na iets wat mooi is. Eerste het ons die Zebra's gewaar en so vertel my gits dat hier 'n groot Koedoe bul saam met die Zebra's loop. Ons gaan sit en wag om te sien waar die bul is. Ons gewaar die Kameelperde nie vêr van ons waar hul die sagte groei aan die bome af snoei. Verder af in die leegte pronk 'n rooibok en met die verkyker sien ek dat die troppie heel te vêr is. Die wind rigting is ook heel verkeerd om hulle te gaan groet. Na 'n tyd wei die Zebra's weg en ons besluit om oor die rand te gaan, dalk loop ons dié Koedoe raak.

Die wind begin te dwarel en ons hoop maar oor die volgende rand of leegte 'n onopletende nuuskierige bok wink vir ons. So stap ons, en die gids Patrick vertel my op 'n plek waar ‘n jagter blykbaar drie skote na 'n Koedoe bul geskiet het wat nie wou val nie. Met nadere ondersoek het hy drie Koedoe Bulle plat geskiet maar gedink dit is dieselfde bul wat hy net nie plat geskiet kry nie. Oor een bult spring daar 3 Vlakvarke weg en naal vir al wat hul werd is die leegte in. Hulle moes ondertoe 'n paar Gemsbokke gewaarsku het, wat ook dan maar liefs pad gee. Ons het maar net gesien hoe hulle in die verte verdwyn.

So teen 10h30 het ons by een van die ou oop lyndrade gekom en het besluit dit is tyd om terug te stap aangesien ons nou al vêr weg is van die voertuig. Ek moet nog 'n paar ander jagters gaan oplaai. Met die terugstap gewaar die gids aan die kant van die opte Gemsbok. Ek kyk deur die teleskoop en sien nie Gemsbok nie maar 'n Eland Kalf. Ons stap verder, toe daar ‘n trop Elende begin beweeg. Ek maak my gereed vir aksie as hulle dalk oor die pad kom. Ek wou graag 'n Eland met my 375 skiet, maar die gids het die 375 gedra en ek 30.06. Toe ek die geweer by hom wou kry besef ek hy is vêr agter. Wel nou moet ek maar met die 30.06 skiet.

Die eerste wat oor kom is 'n Kalf en toe 'n groot koei maar hulle is haastag. Die Derde een wat deur kom is 'n groot koei en die gits bevestig dit ook van agteraf, sy steek toe vas so half in die bos maar gee tog ‘n oop skoot. Ek plaas die kruis agter die blad 'n kwart deel van die borsbeen af en stuur die projektiel daar heen. Sy spring en naal vir al wat sy werd is met 'n groot groep agter na. Na 'n hele end se stap op die bloed spoor het ons haar gekry lê onder 'n groot Mopani boom reeds dood. Sy het so by die 300kg uitgeslag.

KOEDOE JAG JUNIE 2005 MA Rademeyer

In Junie 2005 het ek by 'n vriend in die Mara omgewing langs die Sand Rivier gaan jag. Met die nodige om 'n Rooibok en Vark te jag het hy gesê ek moet maar reg maak vir 'n koedoe, want hy wil ook biltong maak. So het ek en die gids Abram wat al jare op die plaas werk en baie jagters uit geneem het, begin stap. Die eerste ent was goed en toe vat hy my in die Sandrivier se droë loop. Met goeie rede sê hy die koedoes wei in die rivier en teen die walle. Maar jy moet vinnig skiet as hulle in kom, want hulle gee nie baie kans. Maar dit was dalk net om my te straf want ek het sy BB twak vergeet.

Na die marteling in die los sand was dit 'n verligting om op harde grond te staan. Ek weet nie as ek moes vinnag skiet of ek sou raak skiet nie, want met my verouderde groot lyf was die asem maar kort. Ek ken die plaas goeden vra hom tot waar gaan ons. Hy sê tot by die klipkop en toe weet ek vandag gaan ons vêr loop. Gelukkag het ons nie te vêr geloop voordat ons vars koedoespore kry nie. Later het ons ‘n mooi bulspoor met 'n paar koeie gekry. Hulle is toe ongelukkig onder ons uit. By die eerste kamp draad het ek iets gesien wat ek nie maklik weer sal sien nie. Nog 'n trop koedoe's is oor die draad en ons is leë hande terug.

Na middagete het ons so half drie weer begin stap reguit klipkop toe. Nie vêr van die klipkop af het 'n trop koedoe's weg gebreek en gemaak dat hulle weg kom. Abram het gereken ons moet vinnag stap tot op die klipkop. So gedoen en bo-op ‘n laer gedeelte van die rif op geklim. Daar staan die trop en kyk vir ons. Effens uitasem van die vinnag loop en klim kyk ek deur die teleskoop en probeer die koedoe stil kry maar ek beweeg die hele plaas mis. Ek het gaan sit en die koedoe wat oop gestaan het beweeg weg. Maar so sitende kom 'n ander groot koei in 'n oop te in, maar dit is vêr. Gelukkag kan ek my skiet oefeninging op skiet dae hier nuttig gebruik, ek reken toe ek moet ongeveer op die skof mik om vir die val van die koeël te kompenseer. Toe ek tevrede is dit sal reg wees druk ek die sneller, maar ek weet dit is nie hoe ek wou nie maar dit is gedoen.
Ek het die geweer getrek. Maar die tref klank klink mooi en dit maak my tevrede dat dit dalk nie te vêr getrek is nie. Ons tel 24 koedoe's weg hardloop. Ons kry ons merkers waar die bok gestaan het en ons begin stap. Dit was vêr en ek het begin wonder of dit goeie dinge kon af gee. Op die plek gekom waar die bok gestaan het, is daar net wegspring merke en baie bloed. Abram vat die spoor en ek hou die merk maar terwyl ek vir hom kyk en die spoor probeer volg, sien ek haar lê reeds dood. Die skoot was volgens my ampter te laag.

Met die afslag sou ons sien die koeël wat ek dink te laag is die hart deur boor het en in die ander blad gestop het. Daar was min vleis skade en Eddie was tevrede met die bok.

JAG 2005 M A Rademeyer

Springbok jag Vosburg - by Steven Roux op die plaas Putfontein. Ja dit was maande se beplan en bespreek en toe breek die dag aan en ons vat die pad. Nelle en Pelle gestok met die week se proviant en als. Die Sondag vroeg is ons daar en ons besluit dit is tyd om ons bos tegniek hier te gaan beproef. Nie vêr of ons sien die eerste Springbokke wei en nou is dit bekruip agter die Karoo bossies. Nou ja vir die wat my ken, ek het nie meer so 'n vaart belynde lyf nie. Buk is ook nie die gemaklikste voort posisie nie. Maar nodeloos om te sê het ons nie een geskiet nie maar het probeer.

Die Maandag is Steven weer vroeg op sy pos en dié jaar een van sy seuns ook. Hy neem ons na 'n kamp wat nogal rante het en plaas ons uit met stoel en alles. Ek wat altyd wil terg het my 375 ook saam net om ander te verpes. Volgens hulle is dit nie 'n Springbok geweer nie. Die eerste bok kom en ek gebruik my .243 en laat loop maar dit is mis, so het 4 bokke vry gekom en ek kan nie die fout sien nie, maar iets doen ek verkeerd. Ons het die Sondag middag die gewere in geskiet en seker gemaak dit is nog op skoot. So vat ek my 375 en toe dop hulle om en vyf val die dag.

Die volgende dag het ek op 'n klipkop men 'n klip stappel gesit. Daar het die bokke my verras as hulle skierlik hier agter die skerp rant uit kom en sommer hier by my staan en terug kyk. Die dag het die 243 beter gewerk met gekoopte patrone. Die dag was daar 'n paar mooi kopskote ook en 5 bokke val ook die dag. Die laaste dag het ek net 2 geskiet maar dit was 'n plat area en die wind het goed gestoot. Daar het ek my 375 goed getoets en op sowat 250 meter die Springbok plat geskiet.

LETABA GROEPERINGSKIET 2005

Die Letaba tak van Bosveld Jagters- en Wildbewaringsvereniging het weer op Saterdag 11 November hulle uiters suksesvolle Jaarlikse groeperingskietdag gehou. Vir die vorige 5 jaar het hierdie kompetisie as die Lombard's Pro-Amm kompetisie bekend gestaan, maar aangesien PMP alle Pro-Amm kompetisies landwyd gestaak het, het Letaba BJV hierdie jaar hulle eie groeperingskompetisie aangebied met Lombard's as hoofborg.

Letaba BJV hou reeds die rekord van die grootste kompetisie van sy soort in die land. Hierdie jaar was dit weer so met skuts van sover as Bethal, Middelburg en Gauteng. Daar is 626 teikens deur die dag geskiet deur 132 skuts, en 192 persone het die dag bygewoon. Daar was oor die R 30000 se pryse wat gewen is en die eerste prys was meer as R 8500 werd. Daar is ook 'n paar duisend rand se trekpryse uitgedeel deur die aand.

Junior skuts en dames-skuts het hierdie jaar baie goed gevaar en die eerste prys is ook deur 'n junior (onder 16 jaar oud) gewen.

Die wenners was as volg :

Ope kompetisie
1. Jan-Hendrik van Vreden (vanaf Bethal) Groepering 10.31 mm met 'n .308
2. Karl Osmers Groepering 10.47 mm met 'n 300 H&H Mag
3. Johnny Rech Groepering 11.28 mm met 'n ,243

Dames Kompetisie
1. J.M.A. Greeff (vanaf Middelburg) Groepering 11.35 mm met 'n .270 Win (ook vierde in die ope)
2. Mart-Marié Roux Groepering 12.34 mm met 'n .243 (ook 7e in die ope kompetisie)
3. Thea de Waal Groepering 20.87 mm met 'n 243 (25e in die ope kompetisie)

Junior kompetisie
1. Jan-Hendrik van Vreden (vanaf Bethal) Groepering 10.31 mm met 'n .308
2. J.M.A. Greeff (vanaf Middelburg) Groepering 11.35 mm met 'n .270 Win
3. Gerrit Roux Groepering 20.87 mm met 'n 243

Windbuks Ope kompetisie
1. Tinus Opperman

Windbuks Juniors onder 16
1. Stefan Fourie

Windbuks Juniors onder 10
1. Suen van Niekerk

Kategorie wenners
Klein Kalibers: Johnny Rech
Medium Kalibers : Jan-Hendrik van Vreden
Groot Kalibers : Alwin Fleischmann

BOSVELD JAGTERS VERENIGING LETABA TAK - BORGE

BJV Letaba tak wil graag die volgende borge bedank vir hulle ondersteuning gedurende die afgelope jaar:

ABSA
Alisia Boerdery
All Home Comforts
BB Motors
Bell Equipment
Biltong & Braai
Bisset's Engineering
Bonanza Drankwinkel
Bosveld Doelgemaakte Meubels
Bosveld Smeermiddels
Brilliant EfFects "Yamaha" Ptbrg
Carine Borduurders
Coca Cola Fortune
Crown Spices
CTM
Daan Roux - Kondowe
Dombo & Du Plessis
Deli Spices
EPX
FR Timbers
Freddy Hirsch Spices
Gasman
Gravelotte Charcoal
Greater Tzaneen Municipality
Hannes Botha (Kanada)
Merkel / Imperial Motors
JB Spares
JD Fasteners
JJ & Co
JM Boerdery
Jumbo Foods
KM Bolt
Koos & Riekie Smit
Lafarge Nelspruit
Letaba Brickyard

Letaba Herald
Lombards Uitrusters
Louhen Finansiele Dienste
Marrick Service Centre
Maxiprest
Mazfor
Metro
Mike Gamba
Mogodu Meat
Mosomo
NTK
Piet Warren Groothandel
Pieter Roode Makelaars
PMP
ProTec
Project Services
Rob's Spices
Rooi Ster Boerdery
Safari Taksidermie
Sams Foods
Sasko
Sonco
Sugar loaf
Trans Leraba Paneelkloppers
Trappers Trading
SAB
Super Meat City
Tzaneen Droogskoon
Tzaneen Finansiele Dienste
Tzaneen Kunsraamwerke
Tzaneen Refridgeration
Wenkem Hoedspruit
Wisani Begrafnisdienste
Willie Botha
Woolworths Tzaneen

Ons wil u graag versoek om hierdie borge te ondersteun omdat ons sonder hulle borgskappe nie so 'n suksesvolle jaar sou kon aanbied nie.

Ja Pa, kyk daar val hy nou! Deur Abel Botha
Op versoek word hy weer geplaas

Vir die manne wat nóú nog nie die storie gehoor het nie (kan daar nog sulke mense wees?), moet ek darem ‘n slag hierdie mooi storie op skrif stel - mens kan maar sê om dit vir die nageslag te bewaar. Net vir die rekord wil ek darem net sê dat ek Karl se (halfhartige) toestemming ook gekry het om die storie te vertel. Ewenwel.....
“A Hunters Handbook” praat van “The Ten Commandments of firearm safety”. Dis tien reëls wat ons manne met die harde baarde al jare mee saamlewe. Ek meen, leer ons dit nie hoeka op die Opleidingskampe vir ons jong manne nie? Ons ken die goed uit ons kop uit - jy kan maar sê dis tweede natuur by ons. Kyk nou byvoorbeeld “Commandment” nommer VI : “NEVER POINT A GUN AT ANYTHING YOU DO NOT WANT TO SHOOT; avoid all horseplay with a firearm”. Ons ken daardie reël uit ons koppe uit - maar onthou nou net, “Hunters Handbook” praat baie duidelik van “horseplay” - daar staan mos niks van “donkeyplay” nie!Die naweek voor die 1995 Junior kursus van Letaba Tak, ry ek en Karl op na sy plaas daar naby Huntleigh stasie - net so ‘n katspoegie duskant Mopanie. Omdat ons nie die volgende naweek plek sou hê op die voertuie nie, moes ek en hy die 30 matrassies (miskien is dit ‘n eufenisme - dis eintlik sagter om op die grond te slaap as op díe sentimeter-dikke onderfelt wat moes deurgaan as matrasse!) plaas toe neem. Ons moes ook die plaaslike elektrisiteitstelsel darem so min of meer in orde kry en ‘n paar ander werkies doen voor die volgende naweek se kursus.
By die voorlaaste hek voordat ons die ou plaashuis bereik, kry ons ‘n mooi troppie rooibokke. Karl merk op dat hy die man wat nou op die plaas uitspan, nog ‘n rooibok skuld en ons maak ‘n afspraak met die rooibokke om hulle later in die dag daar te ontmoet. Na ons groetery met die manne (wat al lekker kuier) en die aflaaiery, ry ons ‘n paar ure later terug om ons afspraak met die rooibokke na te kom. Ons parkeer die bakkie langs die draad naby die hoek van die kamp, en loop dan saam langs die ander lyndraad af. Na so ‘n 500 meter beduie Karl vir my om nou loodreg vanaf die draad te loop terug in die rigting van die huis, terwyl hy en Benjamin, sy 12 jarige seun, ‘n verdere 500 meter sal loop en dan parallel aan my sal jag in die rigting van die huis. Terwyl ek afdraai op die vars rooibokspore en windop terugjag huistoe, merk ek op dat Henk, Karl se broer, teen die draad stilgehou het en dat Karl en Benjamin eers daar gesels.‘n Entjie verder raak die spore baie vars, en tussen die mopanies gewaar ek ‘n beweging. As ek op my kniëe naderkruip agter ‘n bos, sien ek die rooibokram waar hy staan en vreet. Op presies dieselfde oomblik dat my kruishaar sy merk op die rooibok kry, voel ek hoe die wind skielik agter in my nek stoot, en die rooibokke spring weg na regs. Nou begin ‘n kat-en-muisspeletjie.
Die windjie dwarrel rond en telkens sien ek net ‘n glimps van ‘n rooibok. Te vêr kan ek ook nie na regs beweeg nie, want dan is ek in Karl se skootsvak. Uiteindelik is die rooibokke te vêr uit my gebied in Karl se rigting en ek stap terug in die rigting van die bakkie. Naby die lyndraad waar ek begin het, pomp die adrenalien skielik weer as ek ‘n beweging gewaar, maar deur die teleskoop sien ek dat dit een van Abraham se donkies is en ek loop terug bakkie toe. Net toe ek die bakkie in sig kry, klap die skoot sommer naby en ek kan sommer hoor dat daar een rooibok is wat nie weer saam met die trop sal loop nie. Daardie skoot het net te pragtig geklap. Terselfdertyd verwonder ek my daaraan dat ek die rooibokke nie gesien het terwyl hulle darem sommer naby Abraham se donkies moes wees, want daardie donkie balk darem nou aanhoudend.....
Ek loop ook sommer reguit na waar ek die donkie hoor balk, want kyk, die rooibok sal mos nou nét daar lê.Dit is wanneer ek by die donkie kom dat ek sien dat die een donkie nou wel groot geskrik het vir die skoot en aanhoudend balk, maar dat die ander donkie jou wrintiewaar lê en slaap deur al die lawaai. Dan sien ek die bloed - donkiebloed - en dit wás ‘n mooi skoot! En die skoot op die blad lyk nogal presies asof dit deur ‘n 308 patroon veroorsaak kon gewees het. ‘n Nossler nogal. Terwyl my brein nog nie mooi die impulse kan verwerk wat my oë soontoe aanstuur nie, hoor ek die bakkie dreun en ek besef twee dinge: die eerste is dat daar nie rerig ‘n rooibok iewers doodlê nie en die tweede is dat daardie Isuzu nou warmgemaak gaan word huis toe en dat ek sal moet hardloop as ek nie huistoe wil loop nie!Ek keer vir Karl ook net betyds toe hy my toevallig hoor skreeu waar ek agter die bakkie aanhardloop. Ek kan nog nie mooi glo wat ek gesien het nie en my eerste vraag is: “Hoekom skiet jy Abraham se donkie?!” Eers later hoor ek die hele storie ....
Toe Karl klaar met Henk gesels het, het hy ook windop huistoe begin jag. Nie lank nie, of die troppie rooibokke wat vir my weggespring het, hardloop byna in hom vas. Hy haal vinnig oor en wou net skiet, toe die wind warrel en hulle wegspring. Hy is ‘n entjie agter hulle aan, waarna hulle in my rigting terugspring. (In werklikheid is hulle agter my verby). Hy en Bennie loop toe maar na ‘n rukkie terug bakkie toe. Dit is toe dat hy Abraham se donkies gewaar...
“Ek sou hom darem nou lekker kon skiet as dit ‘n koedoe was daardie”, dink hy by homself en lê aan op die donkie. “Bam!” sê Karl en stap verder. ‘n Entjie verder staan die ander donkie. “Vinnig uit die vuis uit nou, net oplig en skiet”, dink Karl by homself en maak so. “Bam!”, sê Karl. “Kadoem!”, sê die 308. En stuur sy Nossler reguit daar na waar Karl gemik het. ‘n Pragtige skoot, ek het mos al so gesê. Karl verbeel hom jou werklikwaar hy het nou ‘n skoot gehoor. Nie vêr nie, sommer naby. So asof dit dalk sy eie geweer kon gewees het wat nou net geskiet het. Nie dat hy so iets sou gedoen het nie. “Het ék nou geskiet?” vra hy vir Benjamin. “Ja Pa, kyk daar hardloop die donkie, daar gaan hy..., daar gaan hy...., daar val hy nou!” ‘n Nossler kán nogal ‘n dodelike skoot skiet - veral op ‘n donkie, lyk dit my.Nou moet Abraham gevertel word. Van sy donkie. Nie daardie lelike wit donkie wat al so oud is dat selfs Abraham al gewonder het of hy nie maar geskiet moet word nie - nee - Abraham se mooi jong trekdonkie, jy kan maar sê sy trots. Maar Karl weet hoe om óm ‘n draai te praat as dit die slag moet. Ons stop by Abraham. Ek sit aan die passasierskant van die bakkie - maar ek moet aan “paal PT deur die obstacle course” in die Weermag dink om die glimlag weg te hou van my gesig af. “Verkoop die mense hier rond nog donkies, of moet mens in Venda gaan soek vir donkies?”, is Karl se eerste vraag. (Geen woord van ‘n eensame dooie donkie iewers in die veld nie)

“Nee, daar is nog donkies hier rond te koop”, sê Abraham. “Jy moet maar vir jou ‘n donkie soek, koop vir jou ‘n mooi donkie, lekker jonk, ek sal hom vir jou betaal” (Ek dink aan daardie dag toe Jan sy vingers vergruis het toe ons met die teerpale oor daai hoë obstacle probeer klim het en ek die bloed probeer keer het- ek glimlag nie) “Is goed Baas”, sê Abraham. Hy lyk nie verbaas oor al die vrae nie. ‘n Laaaang stilte. “Daar was ‘n groot ongeluk vandag”, sê Karl. Hy kyk doer ver na Beetge se rante toe. “Ek het jou donkie geskiet, dit was ‘n groot ongeluk, daar was rooibokke en die donkies was so tussen hulle ..... dit was ‘n groot ongeluk” sê Karl, maar hy kyk nie heeltemal in Abraham se oë nie - net so half skramserig.“Was dit die witte?”, vra Abraham hoopvol. “Nee, dit was daardie mooi jonge van jou, dit was ‘n groot ongeluk”.
“Ja”, sê Abraham, en ek wonder wat bedoel hy. Abraham het ‘n ruk later vir hom ‘n mooi nuwe donkie aangeskaf - Karl kon eintlik maar twee donkies geskiet het so goedkoop het hy daarvan afgekom.Dan sou dit nog goedkoper wees as ‘n rooibok. Net jammer Piet Smit wou nie die donkie aanvaar vir die SA Rekordboek nie.Maar as Karl met min geldelike skade weggekom het, het hy dubbel betaal met ongenadige spot van alle kante af. Op die Juniorkamp moes hy dit oor en oor ontgeld. Maar die ergste was die aand toe dit Johan Coetser se beurt was om huisgodsdiens te hou

vervolg na bladsy 18

Vervolg van bladsy 17
- en dit was nie eers so beplan nie. Ek sien Johan sit so en blaai deur die Bybel - so presies asof hy 'n toepaslike teks soek om tydens huisgodsdiens te lees. Ek sê toe, sonder om verder daaroor te dink, dat Psalm 104 vir my 'n baie toepaslike Psalm is om te lees, aangesien die Psalmdigter die diere van die veld so mooi beskryf. Maar toe Johan met die leesslag later, kom by die stuk oor die "wildedonkies", was dit heeltemal te skielik om aan my swaarkrydae in die Weermag te dink sodat ek nie moes glimlag nie. En toe ek opkyk, sien ek dat dit vir al die ander ouens om die vuur ook te skielik was, want almal het taamlik gesukkel om hulle glimlagge te bedwing. Party het dit darem amper reggekry. Gelukkig mog ons darem na die diens hard lag toe Kolonel van Dyk ewe droog opmerk "Is dit nou nie snaaks nie Karl, dat selfs die Psalms met jou spot?" Ja, die Kolonel is baie bly dat Karl die ongeluk oorgekom het, want nou kon hy baie maklik wegkom daarmee dat hy amper dieselfde ding oorgekom het met 'n ander donkie - en dit maak dit nie minder erg dat sy donkie pajamas aangehad het nie.....
"NEVER POINT A GUN AT ANYTHING YOU DO NOT WANT TO SHOOT; avoid all horseplay with a firearm". Ja, Karl kan hierdie "commandment" nou rerig vir die Juniors op die volgende kursus beklemtoon - hy het immers eerstehandse ondervinding oor die saak!

Die Bajonet –effek

Abel Botha

'n Nagmerrie–ondervinding vir 'n jagter. Dit is hoe mens dit kan beskryf as jy net op 'n dag met jou geweer waarin jy 'n grondige vertroue het omdat jy al duisende skote op die skietbaan en die jagveld daarmee geskiet het, 'n skoot skiet wat almal, insluitende die bok, in verwondering laat opkyk om te probeer vasstel wat van jou baie noukeurig–gemikte koeël geword het. 'n Koeël wat beslis nie binne enige meters van die bok se gemaksone verbygetrek het nie. En moet asseblief nie dink dat so-iets nie met jou kan gebeur nie. Ons jag weer in Mei 2005 in die Kalahari – by oom Elias le Riche. Dis nie lekker nie, dit is sommer baaaie lekerrrr! Miskien omdat oom Elias ons nou reeds beter ken, kan ons baie met die voet en alleen jag, wat dit baie besonders maak. Daan en Gerrit loop die hele grote plaas van hoek tot kant deur en ons ander ry met die bakkie en laai dan oral van die jagters af om alleen en met die voet te jag. Ek doen 'n baie lekker alleen bekruipjag om 'n gemsbokbul te skiet en dan self sy bloedspoor vir die 60 of wat meter wat hy hardloop te volg om hom in die baie lang kalaharigras (dit het baie goed gereën daar) te kry waar hy doodlê (ek kon hom glad nie voor die tyd sien nie). Dit is regtig 'n voorreg om so stoksielalleen in die kalahari te jag. Oom Elias weet hy kan ons vertrou. Dan kom die hartbeesjag gedeelte van ons jagtog. Die boer wat oom Elias vir ons vasgemaak het waar ons hartbees sou jag, is skielik vol allerhande stories en ons is opeens in 'n penarie dat ons tyd byna om is en daar is nog geen hartbees wat wil bakkie ry nie! Gelukkig kan oom Elias vir ons op 'n ander buurplaas 'n jag reël en vroeg op die voorlaaste oggend slaan ons by die boer uit. Hein Höll, Hannes Davel en NW het die vorige week daar gejag en ná ons versigtig verneem het hoe hulle hulle gedra het en die boer ons geesdriftig verseker het van hoe goeie ouens hulle is, vertel ons hom gou dat ons ook van BJV is en dat al die BJV lede hulle so goed gedra! Die jagtery verloop bietjie anders as wat ons wou – die boer ry met JOU bakkie (in hierdie geval Karl Osmers s'n) en daar is een jagter op 'n slag agterop. Hy vind die bokke en met 'n taktiek wat hy seker oor 'n tyd ontwikkel het, druk hy die hartbeeste telkens net so effens aan totdat hulle op 'n stadium nie te ver van die bakkie af vassteek en dan word jy opdrag gegee om te laai en te skiet. Eers is dit Karl se beurt en hy skiet 'n pragtige hartbees (deur die boer aangewys) wat later die ander manne redelik jaloers laat word het. Toe dit my beurt is, waarsku Karl my om op te pas dat ek nie die dak raakskiet nie (ek het gewonder hoe ek DIT sou regkry.) In elk geval, na 'n ruk is die hartbeeste weer kalm en na die soveelste stop kry ek die opdrag van die boer om te skiet. Die bakkie staan bo-op die duin, en alhoewel die loop naby die dak is, is daar darem nie kans dat Karl se vrese bewaarheid sal word en ek die dak kan raakskiet nie. Ek is baie kalm en vol selfvertroue wanneer ek die skoot aftrek, en ek weet dis 'n doodskoot.
Maar dan gebeur daardie einste nagmerrie–ondervinding! Die hartbees kyk my net effens versteurd aan en skuif sy herkoutjie na die ander kies. Van doodskoot is daar nie sprake nie – om die waarheid te sê daar is nie eers sprake daarvan dat die koeël se wind dalk sy kuif kon deurmekaar krap nie! Ek kan weer skiet, en alhoewel ek effens ge-"rattle" is, maak ek nou nog dubbel-doodseker van die volgende skoot – en, reg geraai – weereens nie eers naby die hartbees nie. Uit pligshalwe begin die hartbeeste darem wegdraf, en 'n duin of drie verder gaan hulle weer rustig staan. Teen hierdie tyd het ek al my geweer met Karl s'n geruil, want ek moes mos myne se teleskoop iewers teen 'n duin op of af liederlik gestamp het!
Hierdie keer stop die boer weer op die duin, maar so dat die neus net effens afdraende is, en die loop van die geweer is ver van die bakkie se dak af. Met die skoot uit Karl se 308 gee die hartbees presies vier tree en slaan neer. Maar nou is hierdie jagter darem baie ongelukkig met sy eie geweer waarvan die teleskoop so ver uit is!Terug by die kamp, is die eerste ding wat ek doen om 'n kartondoos daar teen die duin staan te maak en te kyk hoe ver my teleskoop dan uit is om so ver te kon mis skiet. Dan kom die ontnugtering : al drie die skote sit netjies in die wit plakkertjie in die middel van die teiken! En ek kom agter, toe ek voorheen gedink het ek was ge"rattle", het ek nog nie presies mooi geweet wat dit beteken nie, want nou is ek rerig heeltemal stomgeslaan deurmekaar ge"rattle", of soos die oumense sê – heeltemal gediskonfokuleer! Hoe op aarde is dit moontlik? Ek was rustig, ek het doodseker gemaak van my skoot, die skoot het perfek afgegaan en toe dit afgaan, was die kruishaar presies op die regte plek laag op die blad. Wat op aarde kon fout gegaan het?
Dis eers twee weke later, by die huis, wat ek op die werf rondloop en om geen rede hoegenaamd skielik aan 'n skietoefening dink wat ons gehad het tydens my diensplig by die infanterieskool – destyds op Heidelberg. En toe tref die verklaring vir bogenoemde my skielik soos 'n weerligstraal uit die bloute. Die spesifieke dag het ons instrukteurs ons met die R1's laat skiet terwyl die bajonette aan die gewere gesit was. Dit was om vir ons te demonstreer dat ons gewere met die bajonette aan, omtrent 150 mm hoër skiet op 100 meter as wanneer daar geen bajonette aan is nie! En skielik kon ek toe verstaan wat gebeur het – met my eerste skote op die hartbees het die bakkie se dak, wat baie naby onder die geweerloop was, dieselfde effek gehad as wat die bajonet op die R1 gehad het, net op 'n baie groter skaal omdat die bajonet baie kort is terwyl die hele lengte van die dubbelkajuit se dak onder die loop was, vir so 'n afstand as wat dit effek kon hê! As daar net ongeveer 3 keer die lengte van 'n R1 bajonet onder die loop was, kon die koeël maklik meer as 'n halwe meter hoog getrek het!
Ek het toe probeer navorsing doen en ander ou weermaglede gevra of hulle die bajonet-effek kan onthou, maar kon nie regtig veel wys word nie. Ek kon wel vasstel dat, wanneer die skielike loslating van druk wat gebeur die oomblik wanneer 'n koeël die loop verlaat, nie konsentries is nie, dit die koeël totaal onstabiel maak. Dit is ook die rede waarom die voorpunt van 'n geweer se loop gekroon moet word ("crowning"). Die rede vir die kroon van 'n loop word in die lektuur aangegee as dat *die gasvloei rondom die projektiel konsentries moet wees wanneer dit die loop verlaat tydens die finale skeidingsoomblik tussen loop en projektiel.* Tesame met hierdie konsentriese druk op die basis van die projektiel, is daar ook nog die lugvloei oor die neus van die projektiel wat 'n effek op die koeël het. Wanneer hierdie lugvloei en die druk van agter aan die onderkant deur 'n vaste oppervlakte afgesper word (soos 'n bajonet of 'n bakkie se dak), druk die onderkant se lugvloei die projektiel na boontoe, en dis dan wanneer jy en die bok wonder waarheen daardie koeël dan heen is! So, onthou maar volgende keer wanneer jy, soos ons, verplig word om van 'n bakkie af te skiet of wanneer jy dalk 'n boer help oes – hou daardie loop baie ver weg van die bakkie se dak! Ek sal baie graag van iemand wat al meer navorsing oor hierdie verskynsel gedoen het, wil hoor – skryf asseblief vir die Impala sodat ons ander ook meer oor hierdie interessante onderwerp kan leer!

Die "Merino" - Koedoe

Deur : Abel Botha

Die son is op pad na sy slaapkwartiere as ek met die 7 x 57 Musgrave oor my skouer van die tweespoorpaadjie afswaai en teen die glooiing afbeweeg na 'n klofie ongeveer 'n kilometer verder. Dit is Juliemaand, maar alhoewel die oggende taamlik kil kan wees, is daar nou, in die namiddag, 'n paar lastige sweetdruppels om my oë - miskien deels te wyte aan die effense opgewondenheid wat ek in my binneste voel.

My skoonpa, Hendrik Blaauw, se plaas "Berghof" lê bo-op en in die Karasberge, so halfpad tussen Keetmanshoop en Karasburg, aan die oostekant van die teerpad. Daar is bitter min rybare plekke op sy plaas, dus moet feitlik oral geloop word waar jy wil wees. Die hele plaas, al tien duisend hektaar daarvan, is besaai met klippe, of dan kaiingklippe, soos die Suidwesters dit noem. Aangesien jou voet met feitlik elke tree swik op hierdie ronderige klippe, is enkelhoogte stewels die aangewese skoene om hier te dra. Terwyl ek voel-voel met my stewels deur die klippe loop, is ek bly dat ek nie, soos by 'n vorige geleentheid, my velskoene sonder kouse aangetrek het nie.

Daardie dag het ek twee koedoes reg bo-op 'n hoë kliprant (of "plaat", soos die Suidwesters sê), geskiet. Terwyl skoonpa met die Landrover die Namas gaan soek het om te kom help aandra , het ek die een koedoe oopgesny en onder 'n bos ingesleep. Daarna het ek in die geweldige hitte van die middag die tweede koedoe, wat 'n goeie skoot weg gehad het, se spoor begin soek. Vroutjie, wat my díe dag vergesel het, het 'n enkele druppel bloed op 'n kaiing klip opgemerk. Ons het op die spoor begin loop en omtrent 'n kilometer verder het (wéér) vroutjie die koedoe gesien waar hy, kop in die lug, agter 'n gifbos (noorsdoring) gelê het. Op sestig meter het ek hom deur die kop geskiet en net daar besef dat daar groot werk voorlê - hierdie koedoe het oop en bloot in die warm namiddagson gelê en daar was absoluut geen skaduwee bo-op die plaat nie. Ek het rondgekyk. Omtrent vier kilometer ver kon ek die plaas opstal se dak sien uitsteek tussen die jakaranda bome wat my skoonpa geplant het. Aan die ander kant, tussen twee koppe deur, het my skoonpa se Landrover verskyn en het stadig-kronkelend deur die klippe nadergekruip. Hoe nader hy gekom het, hoe meer het my moed gesak - want dit was duidelik dat die Namas nie op die bak was nie!

Toe skoonpa dan ook summier verbyry, het geweet - vandag gaan hierdie vaalseun hard werk! Ons het vroeër die oggend die Namas afgelaai om te gaan skaap bymekaar maak en as hulle nie op die Landrover se bak is nie, beteken dit net een ding - Skoonpa kon hulle nie in die hande kry nie en ry nou rondom die kamp om hulle vanaf die ander kant van die kamp in die hande te probeer kry. Vir diegene onbekend met die Karasberge, kan dit waarskynlik na 'n paar minute se werk klink, maar dit is groot kampe hierdie, en die "paaie" uiters sleg, en ek wis dat hierdie rit meer as twee ure sou duur. In hierdie tyd kon die koedoe, wat soos reeds gesê, reg in die son gelê het, se vleis begin bederf.

In Suidwes word 'n mens twee keer so dors as op ander plekke. My waterkannetjie, wat ek gelukkig gegryp het toe ek die rant opgeklim het, was reeds leeg - na die sweterige klim teen die hoë rant uit het ek en my vroutjie korte mette daarvan gemaak. Dus bied vroutjie aan om water by die huis te gaan haal. Alhoewel ek die aanbod dankbaar aanvaar het, het dit my werk nou dubbeld so moeilik gemaak. Ek moes nou alleen afslag sonder dat iemand vashou! Hoe lank ek díe dag met my knipmes en jagmes afgeslag het, weet ek nie, maar toe Vroutjie natgesweet opdaag met 'n kan yskoue water, was ek feitlik klaar afgeslag en boude en blaaie gesny. Met vroutjie se hulp kon ons twee die koedoe toe aandra na waar die ander koedoe onder 'n bos gelê het - driekwart teen die rant uit. Van die swaarkry van hierdie aandra deur die klipperige aarde en teen die skuinste af, hoef ek seker nie te vertel nie. Al wat ek wil sê is dat ek daardie aand feitlik nie meer velle aan my voete gehad het toe ek my velskoene uittrek nie!

Aan al hierdie dinge dink ek nou terwyl ek na die klofie beweeg. Ek kyk na die son - genoeg tyd om te skiet en weg te dra, besef ek. Gelukkig is daar hierdie keer meer hande om te help dra. Dan val dit my op dat ek alreeds begin aandra voordat ek nog geskiet het! Maar nou ja, vandag het ek net daardie snaakse gevoel in my binneste dat ek 'n koedoe gaan skiet. Ek is seker dat ander jagters ook al daardie gevoel ervaar het - daardie speldeprikkies op jou voorkop of 'n opgewonde gevoel van sekerheid in jou binneste dat daar in die volgende halfuur of uur iets gaan gebeur. Net so voel ek nou. Die klofie voor my is dan ook een van my geliefkoosde jagplekke - anderkant die rant is daar 'n waterpos - "Eddie se puts" noem my skoonpa dit. Die koedoes is besonder lief om hier water te drink en, alhoewel die windpomp nou stukkend is (ons moet dit juis môre kom herstel) en daar nie water is nie, is die moontlikheid groot om koedoes hier te kry. Hulle rus graag in die middaghitte onder die blou bosse teen die rant en ek het voorheen al koedoes hier geskiet.

Die veld is vanjaar besonder pragtig na die wonderlike reën wat die boere hierdie jaar gehad het - waar daar vorige jare net vaal bossies was, is daar nou oral pragtige geel gras - selfs die kaiingklippe is feitlik onsigbaar in die gras. Ek verlustig my in die prentjie voor my terwyl ek tydsaam voortbeweeg. Voetjie vir voetjie stoot ek my stewels tussen die kaiingklippe deur en kort-kort staan ek stil om te luister. My skoonpa is besig om met die tweespoorpaadjie om die rant na Eddie se puts toe te ry, maar aangesien die paadjie baie sleg en vol klippe is, weet ek dat ek nie haastig hoef te raak nie.

Aan die bokant van die klofie steek ek weer vas om te luister en dan hoor ek dit : die metaalagtige klank van twee klippe wat teen mekaar stamp soos iets groot daaroor beweeg. Oombliklik daarna hoor ek net klippe spat soos 'n trop koedoes na my toe aanstorm. Soos blits is die 7mm teen my skouer en die volgende oomblik sien ek vir 'n blitssekonde die koedoekop en nek voor my tussen die gifbos deur. Daar is skaars tyd om te korrel na waar die kop en nek bymekaar kom, maar as die skoot klap weet ek dat daardie koedoe nie weer tussen Berghof se klippe deur gaan hardloop nie. Regs van my bars nog koedoes verby wat my onwillekeurig die slot van die Musgrave heen en weer laat werk om 'n nuwe patroon in die loop te kry. Dan sien ek dit is 'n groepie opgeskote koedoe kalwers wat deur die gifbosse draf. Dan hoor ek weer verder links nog klippe spat en ek besef dat die res van die trop omgeswaai het en weer terug in die klofie afhardloop. Ek soek op die grond vir die patroondop en kom dan agter dat dit reeds in my sak is en dit verbaas my opnuut dat 'n jagter wat ook sy eie patrone herlaai skynbaar onwillekeurig sy patroondoppe in sy sak laat beland sonder dat hy eers daarvan bewus is!

Dit is toe ek om die gifbos stap dat die verassing my tussen die oë tref - dit is dan 'n koedoe koei met horings! Eers sien ek net een horing, gedraai soos die van 'n Merino ram, maar toe ek noukeuriger kyk, sien ek dat daar aan die ander kant van die kop 'n bloederigheid is. Na 'n rukkie se gesoek kry ek die ander stukkie horing waar dit tussen die kaiingklippe beland het. Met spyt dat so 'n unieke trofee nou vir ewig bederf is, pas ek die stukkie horing op sy plek, en ek wonder of ek dan so skeef geskiet het dat ek die horing getref het. Dan sien ek dat die koedoe op die horing geval het en dit sodoende afgebreek het. Die uier is groot en wanneer ek 'n speen trek, sien ek dat daar melk uitkom. Dus is dit 'n normale koedoe, en nie 'n kween nie! Heelwaarskynlik is een van die opgeskote kalwers dus hare! Dit laat my dadelik goed voel, want die kalwers is feitlik groot genoeg om gespeen te word en sal dus nie vrek nie.

Na 'n paar minute hoor ek Skoonpa se Landrover aangekruie kom en ek besef dat die koedoes, met hulle uiters fyn gehoor, die Landrover natuurlik baie lank voor myself gehoor en daarvoor gevlug het, reguit in my vas! Nadat Skoonpa stilgehou het, begin ek fluit, maar hulle is te ver en ek miskien te hoog in die klofie op en hulle kan my nie hoor nie. Ek is verplig om 'n ent teen die helling af te beweeg en eindelik kan ek hulle aandag trek. Vroutjie, wat saam met Skoonpa in die Landrover was, klim ook op na my toe met die kamera sodat ons 'n paar foto's kan neem.

Toe ek en die twee Namas die koedoe uiteindelik rus-rus teen die helling af gesleep-dra het en op die Landrover gelaai het, is dit al byna skemer, en ek is goed pootuit. Skoonpa, synde skaapboer, kyk eerste na die koedoe se tande en reken dat die koedoe tussen tien en twaalf jaar oud kan wees. Hoeveel kalwers sou sy in die wêreld gebring het? Sou hierdie horings 'n genetiese afwyking wees sodat daar dalk van haar verskalwers ook horings kan hê? Die vrae maal deur my gedagtes as ek moeg, maar baie gelukkig agterop die Landrover terugskommel huis toe. Ek het al 'n hele paar koedoes hier op Berghof geskiet, maar ek is seker dat hierdie "Merino" koedoe die langste in my gedagtes sal voortleef, as sy by nuwe kampvure op ver plekke, telkens weer haar kop skielik voor my deur die gifbos druk!

LIMPOPO VALUERS

You own a house and hearth, We value it's worth

For all types of:

Residential Properties; Commercial Properties; Farms; Plots; Loose Assets; and lots more.

Tel. 015 297 4299 Fax. 015 297 2797

André - Cell. 082 460 1220 Leon -Cell 083 728 0119

Physical Address: Rondebosch 3, H. van Rensburg St, 82, Pietersburg. Postal Address: P.O. Box: 11862, Bendor, 0699